

VERKLARING

Uitgereik deur: A P Stemmet
Namens: Die AMAGP
Hoedanigheid: Spreekbuis
Kaapstad

1 Oktober 2018

OBK: 'N GOUE HANDDRUK VIR DR DAN MATJILA?

AMAGP het met verbasing en skok verneem dat die moontlikheid bestaan dat dr Dan Matjila, Hoof Uitvoerende Beampte van die Openbare Beleggings-Koöperasie (OBK) met 'n goue handdruk gegroet gaan word.

Die AMAGP is ernstig gekant teen so 'n ondeurdagte stap veral gesien dat daar tans drie ondersoeke hangend is waarin dr Matjila betrek word. Naamlik;

- die Kommissie van ondersoek insake die OBK, wat deur die President aangekondig is;
- 'n dissiplinêre ondersoek deur die OBK;
- en ook die ondersoek deur die Openbare Beskermer soos op 5 Februarie 2016 deur AMAGP versoek, insake ondeurdagte beleggings deur die OBK ten behoewe van GEPF.

Die Minister word versoek om so gou as moontlik die opdrag van die Kommissie van ondersoek bekend te maak om te verhoed dat daar verdere ongerymdhede plaasvind.

Die stilte van die Raad van Trustees van die GEPF oor die moontlike goue handdruk vir dr Matjila is dawerend. Hier is nou die geleentheid vir die nuwe Raad van Trustees om hulle moed en vasberadenheid te wys om korrupsie die hoof te bied en bystand te verleen aan alle pensioenarisse en amptenare wat hulle verteenwoordig!

Die aanstelling van die OBK as die alleen beleggingsbestuurder moet derhalwe weer in oënskou deur GEPF geneem word om opnuut vertroue in sy stelsel te herstel. Die aanstelling van ten minste drie onafhanklike beleggingsbestuurders is nou dringend noodsaaklik!

Adamus P. Stemmet
Segsman AMAGP
Durbanville
082 3209245
adamusp2602@gmail.com